

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Jeremia 33:14-16 (1953)

¹⁴ Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die goeie woord in vervulling laat gaan wat Ek gespreek het aangaande die huis van Israel en die huis van Juda.

¹⁵ In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.

¹⁶ In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

Lesing 2: Lukas 21:25-33 (1953)

²⁵ EN daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,

²⁶ en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

²⁷ En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.

²⁸ En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.

²⁹ Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome.

³⁰ Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.

³¹ So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.

³² Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.

³³ Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Tema: Wat doen hierdie tyd van die jaar aan ons en wat is dit veronderstel om aan ons te doen?

Broodjies vir die Pad

It is precisely when chaos and threats to personal and social survival are at their most threatening and we can become frozen with fear that biblical texts always make their most daring assertions-- This is not annihilation! Do not give in to fear and panic! As our history with God has

made clear (indeed, there would be no human history otherwise) this is not the last word! There is always one more thing that must be said! The last words are life-giving hope!

Inspired by Jurgen Moltmann's work, Paul Ricoeur writes "hope begins as 'a-logical'. It effects an irruption into a closed order; it opens up a career for existence and history. Passion for the possible, mission and exodus, denial of the reality of death, response of superabundance of meaning to the abundance of non-sense-- these are so many signs of the new creation whose novelty catches us, in the strict sense, unawares." (The Conflict of Interpretations, p. 411)

This is the ultimate word; "my word will not pass away," Luke repeats the Lord's promise. When everyone has had his or her say about how awful things are, someone needs to repeat God's promise. This awlays ushers in something new. Be alert, engaged, committed, busy "at all times...." This is the mood, attitude, stance of the church to prepare to celebrate Christ's first coming, and inaugurate the annual re-telling of that compelling story and, equally, recall the promise of his second coming.

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/10/first-sunday-of-advent-year-c.html>



Kerkspanning tussen tradisie en vernuwing

deur Wilhelm Jordaan

Wat doen die kerk om met die groeiende aantal Christene in "ballingskap" in gesprek te tree?

Dié vraag na aanleiding van wat 'n mens gereeld hoor by mense vir wie die tradisionele abstrakte kerkspraak sy eens rigtinggewende betekenis verloor het en wat dit nou beleef as verwarrend, irrelevant en geloofsverskralend.

Onder hulle is mense wat ná baie persoonlike worsteling en verguising, selfs viktimisering, in tradisionele geloofsgeledere die ingeburgerde (en dikwels ingebulderde!) vrees vir God besweer het. En wat nou spirituele vrede vind in die onvoltooide lewensprojek van altyd soekende verwondering oor 'n onpeilbare Godsgeheim en skuiwende perspektiewe rondom Christus se betekenis.

Diesulkes se "ballingskap" lê daarin dat hul behoefte aan gesprek oor geloofstwyfel nie in gemeenteverband tereg kom nie; dat hulle as lastig beskou word én nie te welkom in die kerk voel nie. Hulle het buitelanders geword.

Dit is of die kerk aan hulle sê: "Ons aanvaar mense twyfel. Dis 'n natuurlike fase in geloofsontwikkeling. Maar as jy nou klaar getwyfel het en ons jou vrae netjies en noukeurig beantwoord het, keer jy terug na ontwyfelbare geloof. Dis mos wat God van jou vra."

Die indruk wat gelaat word, is dat twyfel net tydelik kan wees. Kom jy nie tot die voorgeskrewe insig nie, is die ewige verdoemenis jou voorland.

In dié verband hoor en lees 'n mens gereeld van predikante en teoloë wat sê die kerk moet versigtig met die “oop gesprek” wees, want dit kan klink of die kerk twyfel sanksioneer en nuwe geloofsbeginsels en -uitings omhels. Boonop gee dit aanstoot aan diep gelowige lidmate se tradisievasheid en geloofsekerheid.

Die ironie is dat die gebrek aan deernis met twyfelaars en oorversigtigheid met die oop gesprek ook aanstoot gee – aan baie andersdenkende gelowiges wat smag na eietydse, singewende kritiese geloofsverantwoording en wat weinig aanmoediging daarvoor in gemeenteverband kry.

Daar is 'n verdere ironie. In sommige gemeentes is geloofstwifel en die moontlikheid van 'n andersoortige, soekende geloofstaal al jare deel van “gemeentetaal” tydens Bybelstudie, in die prediking en in die pastoraat.

Dit geskied in die veilige ruimte van volstrekte verdraagsaamheid sodat bedenkinge oor tradisie-teologie, eeue oue kerklike leerstellings en geloofspraktyke vrylik uitgespreek kan word. Sonder om dit sonder meer te etiketteer as duiwelswerk, kettery, verraderlike geloof, ongeloof of bygeloof.

Ironieë soos dié getuig van 'n enorme groeiende spanning in kerklike gelede: dié tussen tradisie en vernuwing. Soos wat dit in predikante se opleiding en in die prediking en pastoraat aan die bod kom.

Die kerk sal opnuut moet besin oor hoe hy as organisasie die oop gesprek oor dié spanning meer akkommoderend gaan laat verloop.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Kerkspanning-tussen-tradisie-en-vernuwing-20121127>

Brood vir die Pad

'n Kerskaartjie, sober, met die hand geskryf

deur Dana Snyman

En nou stuur ons nie meer sulke Kerskaartjies vir mekaar nie.

Ek praat van 'n Kerskaartjie wat jy in 'n koevert sit – een met 'n prentjie van 'n baba wat met sy beentjies in die lug in 'n krip in 'n stal lê, en drie wyse manne wat bystaan, elkeen met 'n lang staf in die hand. Dikwels was daar ook 'n donkie, 'n ietwat oorblufte donkie wat op die agtergrond wag, asof hy nog nie die goeie tyding gehoor het nie. En soms was daar sommer sneeu op daardie stal se dak, al sneeu dit nie juis in Betlehem waar Jesus gebore is nie.

Op party sulke kaartjies was ook 'n puntige ster wat met blinkertjies versier was. En wanneer jy daarvoor gevryf het, het van daardie blinkertjies losgekom en aan jou vingers geklou. Binne-in die kaartjie was 'n Kersboodskap in swierige letters: “Mag hierdie Kersfees vir u en u gesin 'n ware Christusfees wees.”

Die een wat die kaartjie gestuur het, het gewoonlik sy naam onderaan geskryf. “Met liefde van Ben en Grieta,” sou daar in Grieta se handskrif staan. Of: “Van die Steyns”.

Ek het nog 'n Kerskaartjie wat Ouma vir my gestuur het, jare gelede. Voorop sit 'n somber Kersvader op 'n sleet wat deur twee takbokke getrek word. Binne-in het Ouma

geskryf: “Ouma hoop jy is ook deel van die fees van getroues hierdie jaar.” 'n Entjie ondertoe, ook in haar handskrif, staan daar: “Dankie vir die voël.”

Dit was toe die Alzheimers al met Ouma begin mors het. Sy het 'n paar maande tevore by my gekuier, en die dag toe die familie haar kom haal, het sy 'n gekerfde houtvoël wat ek in Zimbabwe gekoop het, van my rak af gevat en in haar handsak gesit, sonder om daarvoor te vra.

Die jaarlikse Kerskaartjie was 'n soort vredesoffer tussen mense. Dit was ook méér as dit. Die kaartjies is trots in die huis ten toon gestel: op die klavier en die toonkas en die saaidbord. My antie Ann het haar Kerskaartjies oor die gordynkap in die sitkamer gehang.

'n Tou is ook soms in die sitkamer gespan, en dan is die kaartjies daarvoor gedrapeer.

Een jaar, onthou ek, was daar verwarring op ons dorp. Dit was nadat daar 'n artikel in Die Kerkbode was waarin mense gevra is om “soberder Kerskaartjies, met 'n suiwer Kersgroet daarin”, aan mekaar te stuur.

Party mense het Pa, wat die predikant was, daarvoor kom spreek. Pa het hulle vermaan teen die oorbodige klem op Kersvader, en hulle daarop gewys dat daar nie noodwendig drie wyse manne was nie. Maar stuur maar daardie kaartjies, Broer en Suster. Stuur dit.

Nou is 'n Kerskaartjie 'n SMS of 'n toneel op jou rekenaarskerm van 'n wulpse, uitbundige Kersvader en 'n span van duisend takbokke wat deur die ruimte vlieg, tussen flikkerende sterre deur. Of duisende duiwe wat oor jou skerm vlieg en die woorde “Happy Xmas” vorm. Of...

Dis wat alles nog in hierdie desperate seisoen van die getroues op ons wag.

<http://www.beeld.com/Rubrieke/Dana-Snyman/n-Kerskaartjie-sober-met-die-hand-geskryf-20121129>

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877